

**Instruksies:**

- Lees die vroe deeglik deur.
- Maak seker dat jy al die vroe beantwoord.
- Laat 3 lyne oop en trek 'n lyn daarna.
- Trek 'n 3cm punte kantlyn aan die regterkant van elke bladsy.
- Nommer jou antwoorde volgens die vraestel.

---

**Afdeling A: Geografie (30)****Afdeling B: Geskiedenis (30)**

---

**Afdeling A: Geografie**

Bestudeer die volgende kaart deeglik:



B



### Vraag 1 Kaartwerk

Lees die onderstaande inligting en beantwoord die vrae wat volg:

- 1.1 Tussen watter twee **lengtelyste** sal ons Mali vind? (4)
- 1.2 Tussen watter twee **breedtelyste** sal ons Mali vind? (4)
- 1.3 In watter **rigting** sal jy vlieg indien jy vanaf Johannesburg na Mali vlieg en ongeveer hoeveel kilometer sal die reis wees? (2)
- 1.4 In watter twee **halfronde** sal ons die land Mali vind? (2)
- 1.5 Bekyk die roete aangedui op die kaart:  
Timboektoe – Gao – Kidal – Taoudenni – Timboektoe
  - 1.5.1 Hoeveel kilometer sal in totaal afgelê word? (1)
  - 1.5.2 Verskaf die rigting waarin jy sal beweeg soos volg:
    - a) Timboektoe tot Gao (1)
    - b) Kidal tot Taoudenni (1)
- 1.6 Watter baie belangrike breedtelyste loop deur Mali en wat is die breedtegraad daarvan? (2)
- 1.7 Die 0°-lengtelyste, wat deur die oostekant van Mali loop, is ook bekend as die \_\_\_\_\_ . (1)
- 1.8 Benoem die twee riviere wat deur Mali loop. (2)

1.9 Verskaf die koördinate vir die hoofstad, Bamako. Gebruik die kaart van Afrika om jou te help. (4)

1.10 Verskaf die hoofstede van die volgende state in **Afrika**: (6)

- a) Algerië (1)
- b) Zambië (1)
- c) Malawi (1)
- d) Egipte (1)
- e) Madagaskar (1)
- f) Tanzanië (1)



**Totaal: 30**

## **Afdeling B: Geskiedenis**

### **Vraag 1 Die koninkryk van Mali en die stad Timboektoe gedurende die 14de eeu.**

Jy het gedurende die eerste kwartaal baie oor Mansa Musa en die stad Timboektoe geleer.


1. Wie sal die meeste inligting aangaande die geskiedenis van die Ryk van Mali en Timboektoe aan jou kan verskaf wanneer jy self daar rondreis? (1)
2. Bespreek wat die rol van daardie persone in die samelewing van Mali was en vandag nog is. Gebruik die volgende woorde as riglyne: familie, musiek, waarheid, geskiedenis, gehoor. (5)
3. Meld of die volgende stellings waar of onwaar is. Indien dit onwaar is, verskaf die korrekte stelling: (5)
  - 3.1 Mali was voorheen ook bekend as Songhai.
  - 3.2 Sundiata Keita was die eerste mansa van die Koninkryk van Mali.
  - 3.3 Twee tale wat in Mali gepraat is, is Bozo en Fulani.
  - 3.4 Kankan Musa het Mali vir 25 jaar lank regeer.

4. **Skryf die volgende leesstuk aangaande Abu Bakr Keita II korrek oor.** (5)

*Abu Bakr Keita II was ook bekend as Mansa Maghan Kon Fatta. Hy was die 11de Mansa van Mali. Hy het 200 skepe gestuur om die Indiese Oseaan te gaan verken, maar net een het teruggekom. Daarna het hy self met 2000 skepe vertrek om die vermistes te gaan soek en geen skip het teruggekeer nie..*

## 5. Description of Africa

- 5.1 Wie was die skrywer van hierdie boek? (1)
- 5.2 Hierdie persoon het sy eie naam verander. Watter gebeure het daartoe gelei dat hy sy eerste naam, al-Hasan ibn Muhammad al-Wazzan, verander het? (2)
6. Bestudeer die kaart en beantwoord die vrae wat dan volg:



- 6.1 Die geboortenaam van die persoon wat op die troon sit, is Mansa Musa Keita II. As wie het hy ook bekend gestaan? (1)
- 6.2 Watter volk het hierdie kaart in 1375 geteken? (1)
- 6.3 Wat is jou opinie oor die kaart? Dink jy dit is redelik akkuraat? (1)
- 7 Tydens die **hajj** na Mecca, is daar baie goud saamgeneem. Sommige van die goudstawe was op kamele gelaai, maar bediendes het ook elkeen 8,8kg goud saam gedra. Ongeveer hoeveel ton goud was altesaam op die pelgrimstog na Mekka saamgeneem? (1)
- 8 Mali se regeringstelsel onder Mansa Musa was baie effektief. Watter mense het hy gebruik om sy koninkryk te regeer? Noem enige drie. (3)
- 9 In watter stad is die Groot Moskee, die grootste moddergebou nog ooit gebou, te vind? (1)
- 10 Timboektoe het bekend gestaan as 'n groot leersentrum. Noem drie onderwerpe wat in Timboektoe as leersentrum bestudeer kon word. (3)



Totaal: 30  
Groot totaal: 60